**WORD JY DEUR BUITENSPORIGE HOË ESKOM HEFFINGS UITGEBUIT EN VERARM?**
**REGISTREER NOU VIR ‘N UNIEKE OPLOSSING EN DIENS OM ONWETTIGE ESKOM LYN HEFFINGS TE ONDERSOEK OM DIT TOT ‘N EINDE TE BRING EN ‘N POTENSIELE TERUGBETALING VIR ETLIKE JARE TERUGWERKEND TE ONTVANG.**

1. Landbou produsente is afhanklik van elektrisiteit maar word as verbruikers vir etlike jare lank reeds uitgebuit en beroof deur die betaling van buitensporige elektrisiteitsrekeninge. Die Landbou produsent is ‘n groot slagoffer van ESKOM se nou alombekende staatskaping wat toenemend geopenbaar word. Dit word bevestig deur die een skandaal na die ander wat oopgevlek word.

2. Die tydsberekening om nou daadkragtig op te tree om ‘n einde aan onwettige lyntariewe te bewerkstellig is veral nou gunstig om korrupsie en wanpraktyke in ESKOM te ontbloot en reg te stel. Georganiseerde Landbou moet nou hierdie geleentheid benut om te verseker dat hul nie langer misbruik en onwettig belas word met onwettige lyntariewe nie.

3. Ons het in opdrag van die lede van Georganiseerde Landbou oor etlike jare heen na ‘n oplossing gesoek om ESKOM se onbillike lynheffings en tariewe teen te staan. Deur gebruik te maak van regsprosesse wat onder andere die gebruik van die Wet op Toegang tot Inligting en die Wet op Administratiewe Geregtigheid insluit, het ons gevorder tot op ‘n punt waar alle benodigde inligting noodgedwonge deur ESKOM en NERSA aan ons voorsien moes word om arrestasie en tronkstraf te vermy. Daar is inderdaad onbetwisbaar vasgestel dat ESKOM lyntariewe onwettig hef omdat dit nooit deur die Nasionale Energie Reguleerder van Suid Afrika goedgekeur is nie.

4. Alle landbou produsente het nou die geleentheid om te registreer vir ‘n unieke baanbreker diens van kundiges om die buitensporige en onwettige lynheffings van ESKOM teen te staan en om te keer. Dit beteken dat daar ‘n einde gebring kan word aan die toekomstige onwettige lynheffings wat noodgedwonge deur produsente betaal sal moet word en dat ESKOM ‘n potensiële terugbetaling van onwettige heffings wat in die verlede betaal is vir ‘n spesifieke tydperk sal moet maak.

5. Om te kan kwalifiseer moet alle produsente persoonlik aansoek doen vir die proses vir die hantering van elke ESKOM punt afsonderlik. Die vereiste registrasie dokumente met volledige inligting moet voltooi en die betaling van ‘n eenmalige registrasiefooi per punt moet betaal word. Die proses word dan verder hanteer deur weldeurdagte regsoptrede wat namens die aansoeker gedryf word met geen risiko of verdere direkte finansiële bydra van die aansoeker nie. Die aansoeker het dus geen regsaanspreeklikheid vir die proses wat hierna volg nie maar verkry die voordele wat dit inhou soos beskryf in die dokumentasie.

6. Lees die inligtingstuk, “Wat is ‘n Sessie” hierby aangeheg as agtergrond inligting. Voltooi dan die vorms wat aan jou voorsien is so volledig as moontlik. Gebruik asb die vloeidiagram en kontrolelys om seker te maak dat al die korrekte vorms voltooi is. Let egter op die volgende:

6.1 **PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN DIE KONTAKPERSOON VORM: Hierdie vorm moet deur elke aansoeker ingevul word met sy persoonlike besonderhede as kontakpersoon ongeag die regsentiteit waarbinne die boerderyonderneming geregistreer is en funksioneer. Dit sluit 'n eenmalige betaling en besonderhede vir elke ESKOM punt waarvoor aansoek gedoen word in.** 'n Onderskeid word getref tussen lede van landbou organisasies en nie-lede. Lede betaal R1000-00 per punt. U is welkom om eers aan te sluit by 'n landbou organisasie van u keuse. Dan betaal u uiteraard die mindere fooi.

6.2 **SESSIE VORM:** Kies die korrekte vorm vir die ooreenkoms wat aangegaan word in ooreenstemming met die regsentiteit waarbinne die boerdery onderneming geregistreer is naamlik Natuurlike Persoon, Beslote Korporasie, Maatskappy of Trust. Die aansoeker dra die vorderingsreg oor aan die instelling " Dispuutdienste" wat alle risiko's dra. Die aansoeker het die reg op 50% van die bedrag wat teruggewin word. Die res van die bedrag word in ooreenstemming met die Konsortiumooreenkoms tussen Agri NW en Dispuutdienste verdeel en aangewend soos ooreengekom. Dit kom dikwels voor dat die BK net een lid het, of 'n maatskappy net een aandeelhouer of die trust net een trustee. Dan teken daardie persoon die resolusie as enigste lid, direkteur of trustee.

**6.3** **VOLMAG VORM:** Maak asseblief seker dat die volmag gegee word deur die korrekte volmaggewer. Die ooreenkoms wat aangegaan word is in ooreenstemming met die regsentiteit waarbinne die boerdery onderneming geregistreer is naamlik Natuurlike Persoon, Beslote Korporasie, Maatskappy of Trust

6.4 **SESSIE: FOOI OOREENKOMS VORM:** Kies die korrekte vorm vir die ooreenkoms wat aangegaan word in ooreenstemming met die regsentiteit waarbinne die boerdery onderneming geregistreer is naamlik Beslote Korporasie, Maatskappy of Trust. Die aansoeker se aanspreeklikheid word duidelik in die fooi ooreenkoms uiteengesit en is baie duidelik.

6.5 **FOOI OOREENKOMS VORM:** Maak seker die korrekte vorm word voltooi vir die ooreenkoms wat aangegaan word in ooreenstemming met die regsentiteit waarbinne die boerdery onderneming geregistreer is naamlik Natuurlike Persoon, Beslote Korporasie, Maatskappy of Trust. Die aansoeker se regte en aanspreeklikheid word duidelik in die fooi ooreenkoms uiteengesit en is baie duidelik.

**6.6** **RESOLUSIE (BESLUIT) VORM VIR TOESTEMMING TOT DIE FOOI OOREENKOMS:** Hierdie vorm word slegs voltooi vir boerdery ondernemings wat as 'n Beslote Korporasie, Maatskappy of Trust funksioneer om hul instemming tot die fooi ooreenkoms te bevestig.

Die natuurlike persoon ( eenmansaak) voltooi nie hierdie vorm nie omdat toestemming in sy / haar persoonlike hoedanigheid gegee word.

7. Voordele vir die aansoeker:

7.1 Sodra 'n dispuut oor die lynheffings ontvang en verwerk is sal kennis aan die aansoeker dat die dispuut verklaar is gegee word en die proses wat volg ook verduidelik word.

7.2 Deur gebruik te maak van hierdie geleentheid staan die aansoeker 'n wesenlike kans om onwettige lynheffings suksesvol terug te eis vir ten minste die afgelope drie jaar volgens die verjaringswet en moontlik nog verder terug vanaf 1 April 2007 indien die hof 'n bepaalde bevinding in ons guns maak.

7.3 Indien die proses suksesvol is betaal die aansoeker nie verdere onwettige lynheffings in die toekoms nie. Dit geld slegs vir individuele aansoekers per punt waarvoor aansoek gedoen is en nie vir ander elektrisiteitsgebruikers wat nie hierdie proses gevolg het nie.

7.4 Die aansoeker dra geen risiko van welke aard ookal in die afdwinging van die eise teen ESKOM nie

7.5 Die aansoeker het geen regskoste om aan te gaan ten einde sy eise af te dwing nie.

7.6 Die aansoeker raak in geen regsaksie betrokke nie en sy naam verskyn nêrens op hofdokumente nie.

7.7 Die aansoeker kan ook nie vir enige hofkostes verantwoordelik gehou word nie.

Indien u twyfel om deel te neem vra uself die volgende vrae:

- Kan u dit bekostig om te bly betaal?
- Is u tevrede om voort te gaan om die ESKOM rekening soos dit nou lyk en wat jaarliks verhoog word te bly betaal?
- Beskik u as individu oor die kennis en vermoë om ESKOM self te beveg om hierdie vergrype stop te sit en om te draai sodat u billik en regverdig as elektrisiteitsgebruiker behandel sal word?
- Is dit regtig te veel gevra om teen die registrasie fooi soos in die dokumente uiteengesit en wat dalk selfs minder as een maand se heffings is, hierdie jarelange probleem vir eens en vir altyd teen te staan?

Belangstellende produsente kan al die dokumente aflaai op Agri NW se webwerf by www.agrinw.co.za of by hul plaaslike Landbouvereniging kry of alternatiewelik Agri NW Hoofkantoor kontak om die dokumente per e-pos aan te stuur. Skakel met Marlize Fritz by 018 6323612.

**Rig asseblief alle navrae oor hierdie inisiatief vir verduideliking aan:**

Boeta du Toit – Agri NW Uitvoerende Hoofbestuurder – 0823881722

**HIERDIE OPGEDATEERDE DOKUMENT VAN 23 APRIL 2018 HERROEP DIE VORIGE WEERGAWE VAN HIERDIE DOKUMENT.**

Naude Pienaar – Agri NW Adjunk Uitvoerende Hoofbestuurder – 0827768283

**SAAM KAN ONS DIT DOEN!**
**ONS WERK NOU AAN DIE OPLOSSING!**
**NOU IS DIE TYD OM AKSIE TE NEEM!**

**HIERDIE OPGEDATEERDE DOKUMENT VAN 23 APRIL 2018 HERROEP DIE VORIGE WEERGAWE VAN HIERDIE DOKUMENT.**